NASIONALE KULTUURHISTORIESE MUSEUM
NATIONAL CULTURAL HISTORY MUSEUM

# 'N ARGEOLOGIESE ONDERSOEK VAN DIE FONTEINEDALGEBIED, GELEë OP DIE PLAAS GROENKLOOF 358-JR, PRETORIA


**OPSOMMING**

'n Ondersoek van die Groenkloofnatuurreservaat is gedoen met die doel om alle voorwerpe, verskynsels en strukture van argeologiese en historiese belang te identifiseer. Hieruit blyk dit dat die omgewing reeds sedert Middel Steentydperk tye deur die mens bewoon is, dit wil sê 'n periode van nagenoeg 120 000 jaar.

**ABSTRACT**

A survey of the Groenkloof Nature Reserve was done with the aim of identifying all objects, features and structures of archaeological and historical importance. From this it was deduced that humans have been living in this area since the Middle Stone Age, a period spanning approximately 120 000 years.


**OPNAME GEDOEN EN VERSLAG VOORBEREI DEUR**


J.A. VAN SCHALKWYK
Hoof: Afdeling Antropologie en Argeologie

S.M. MOIFATSWANE
Museumassistent: Afdeling Antropologie en Argeologie



Datum van opname: Maart 1993
Datum van verslag: April 1993



**Nasionale Kultuurhistoriese Museum**
**Posbus 28088**
**SUNNYSIDE**
**0132**

**Telefoon - (012) 3411320**
**Telefax - (012) 3416146**


**INHOUD**

1. DOELSTELLING....................................... 2

2. TERREINBESKRYWING.................................. 2

3. METODIEK........................................... 4
3.1 Voorondersoek................................ 4
3.2 Veldwerkopname............................... 4
3.3 Dokumentasie................................. 5
3.4 Aanbieding................................... 5

4. VOORWERPE, VINDPLEKKE EN VERSKYNSELS................ 5
4.1 Steentydperk................................. 5
4.2 Ystertydperk................................. 8
4.3 Historiese tydperk........................... 10
4.4 Onbekend..................................... 19

5. SAMEVATTING........................................ 22

6. AANBEVELINGS....................................... 27

7. BRONNE............................................. 27
7.1 Gepubliseerde bronne......................... 27
7.2 Ongepubliseerde bronne....................... 28
7.3 Persoonlike mededelinge...................... 28
7.4 Kaarte....................................... 29

8. ERKENNING.......................................... 29

9. BYVOEGSELS......................................... 30
9.1 Ontleding van die keramiekware............... 30

**'N ARGEOLOGIESE ONDERSOEK VAN DIE FONTEINEDALGEBIED, GELEë OP DIE PLAAS GROENKLOOF 358-JR, PRETORIA**

## 1. **DOELSTELLING**

Die opname is gedoen op versoek van die Direkteur: Stedelike Beplanning, van die Stadsraad van Pretoria.

Die doel van hierdie deel van die opname was die opsporing, identifisering en toepaslike dokumentering van alle vindplekke, verskynsels en strukture van argeologiese en historiese belang, binne die grense van die ondersoek gebied, wat aangedui word as die Groenkloofnatuurreservaat, Pretoria. Die sensitiwiteit van elke sodanige vindplek, verskynsel of struktuur is geëvalueer in terme van die voorkoms, toestand, uniekheid en die navorsingspotensiaal daarvan. Hierop gebaseer word aanbevelings gemaak wat in 'n meesterplan, wat ontwikkelingsvoorstelle vir die genoemde gebied bevat, soos saamgestel deur die Stadsraad van Pretoria, geïnkorporeer kan word.

## 2. **TERREINBESKRYWING**

Die area wat ondersoek is, is rofweg in die vorm van 'n groot driehoek, wat strek van suid na noord (figuur 1). Aan die twee lang sye van die driehoek word dit deur snelweë begrens, wat van die hooftoevoerroetes tot die stad vorm. Die suidelike grens is geleë teenaan die woonbuurt bekend as Monumentpark Uitbreiding 2.

Algemeen gesproke is die topografie van die suidelike deel van die ondersoekgebied heuwelagtig en gebroke. Die noordelike deel van die terrein is meer gelyk en vorm in der waarheid die vloedvlakte van die rivier. Laasgenoemde, bekend as die Apiesrivier, is die belangrikste geografiese verskynsel in die gebied.

Geologies gesproke behoort die gebied tot die Pretoria- en Chuniespoort Groepe van die Transvaal Opeenvolging en kan vier duidelike onderskeibare gesteentes in die ondersoek-gebied aangedui word. Die suidelike en grootste gedeelte word deur chert onderlê, met 'n laag dolomiet sentraal. Opeenvolgend hiervandaan in 'n noordelike rigting is daar eers skalie en dan kwartsiet. Laasgenoemde, naamlik die kwartsiet, is gedeeltelik ysterhoudend.

Vier faktore wat 'n invloed op die doen van die opname gehad het, kan vir die terrein as geheel aangedui word:

- Die noordelike deel van die area onder bespreking is

tans 'n piekniekterrein. Alle tekens van vroeë bewoning deur die mens is in alle waarskynlikheid as gevolg hiervan versteur.

- Die suidelike deel van die gebied is tans met denne- en bloekombome beplant. Die voorbereiding van die omgewing vir die plant van die bome het moontlik versteuring van menslike aktiwiteite in hierdie gebied tot gevolg gehad.
- Heelwat rommel is in spesifieke areas gestort. Nie net is dit moeilik om sulke rommelhope te dateer nie, maar dit het ook die ekologie versteur. Hierdie gebiede is met onkruid oorgroei, wat die opsporing van argeologiese en historiese oorblyfsels bemoeilik.
- Ongelukkig moes die opname in Maart 1993 gedoen word, op 'n tydstip wat die omgewing besonder baie reën gehad het. Dit het daartoe bygedra dat die plantegroei welig is. Die opname word hierdeur bemoeilik, aangesien enige argeologiese merkers wat gewoonlik op die oppervlakte sigbaar is, as gevolg hiervan bedek is.

## 3. **METODIEK**

### 3.1 VOORONDERSOEK

'n Ondersoek van die verbandhoudende literatuur is gedoen alvorens die opname in die veld plaasgevind het. Dit is gedoen met die oog op die vasstelling van die potensiaal van die gebied, asook tot watter mate vorige navorsers reeds in die gebied gewerk het. Werke wat oor die gebied spesifiek handel is bestudeer, byvoorbeeld Cloete (1958) en Wilmans (1990). Verskillende antropologiese en argeologiese bronne is ook geraadpleeg, byvoorbeeld Van Riet Lowe (g.d.), Holm (1966) and Van Warmelo (1977).

Verder is topokadastrale kaarte en lugfoto's, verskaf deur die Stadsraad van Pretoria, ook bestudeer. Geen spesifieke inligting kon hieruit verkry word nie.

### 3.2 VELDOPNAME

Die veldopname is aangepak na bestudering van die inligting verkry uit die voorondersoek en 'n terreinbesoek saam met mnr. Rust en ander lede van die Stadsraad van Pretoria.

Die opname is gedoen volgens algemeen aanvaarde argeologiese beginsels en aannames en was gemik op die opsporing en identifisering van alle verskynsels.

Vir hierdie doel is 'n denkbeeldige ruitnet oor die area uitgemeet om die ondersoek daarvan te vergemaklik. Die terrein is deur die twee ondersoekbeamptes te voet deurgestap en alle areas wat beskou is om 'n besondere hoë potensiaal vir menslike benutting te hê, is volgens hierdie ruitnet ondersoek en is visueel inspekteer. Aspekte wat spesifiek hier van toepassing is, is gebiede met versteurde of sekondêre plantegroei, kranse waarin moontlik grotte en skuilings kan wees, stroombeddings en onnatuurlike topografiese verskynsels soos slote, keerwalle en gate.

### 3.3 DOKUMENTASIE

Alle vindplekke, verskynsels en strukture wat identifiseer is, is op 'n standaard wyse beskryf en die spesifieke ligging daarvan is op kaarte, soos verskaf deur die Stadsraad, aangebring. Die koördinate (lengte- en breedtegraad) is deur middel van die **Global Positioning System** [GPS] vasgestel en op kaart geplaas. Volgens die vervaardiger moet vir 'n mate van toleransie toegelaat word.

### 3.4 AANBIEDING VAN INLIGTING

Die bespreking van dit wat gevind is, word chronologies eerder as geografies aangebied. Dit dra daartoe by

om 'n geheelbeeld te skep van die menslike bewoning en benutting van die gebied. Die volgende aspekte is van belang:

- Die bespreking van dit wat tydens die opname gevind is, word geïntegreerd aangebied met die inligting wat uit die literatuurondersoek verkry is. Interpretasie word dus reeds gedoen by die identifisering van die vindplek of verskynsel.

- Die evaluasie wat gedoen word, is daarop gemik om die vindplek of verskynsel in konteks van die groter gebied te plaas en ook om die ontwikkelingspotensiaal (vakkundig of toerisme) daarvan aan te dui.

- Alle aanbevelings wat gemaak word, word gedoen met inagneming van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, Wet 28 van 1969. Die ingesamelde materiaal is, volgens die bepalinge van hierdie permit, in die besit van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

## 4. **VOORWERPE, VINDPLEKKE EN VERSKYNSELS**

### 4.1 STEENTYDPERK

Die Steentydperk blyk goed verteenwoordig te wees en die verspreiding daarvan kan oor nagenoeg die hele gebied aangedui word. Dit is slegs die heel vroegste en laaste dele van hierdie fase van die voorgeskiedenis waarvan geen tekens opgespoor kon word nie.

Die werktuie word in twee voorkomste aangetref. Die eerste is individuele werktuie wat op verskillende plekke, maar veral die stroombedding van die Apiesrivier, aangetref word en is binne die norm van wat verwag kan word. Alhoewel hierdie materiaal buite konteks gevind is, kan dit tog vir tipologie-ontledings gebruik word. Kyk Byvoegsel 9.2.

Die tweede voorkoms van Steentydperkmateriaal is terreine waar die werktuie gemaak en/of gebruik is en kan gevolglik as aktiwiteitsareas omskryf word. Hier word daar gewoonlik ook afvalmateriaal of skilfer, wat tydens die vervaardig-ingsproses geproduser is, aangetref.

Vir doeleindes van hierdie opname is slegs daardie terreine waar vyf of meer werktuie/skilfers aangetref is, per GPS gedokumenteer.

4.1.1 **Steentydperk aktiwiteitsareas**

Omskrywing:
Hierdie vindplekke is meerendeels naby chert dagsome geleë en is oop, oppervlakte terreine.

Ligging:
Die drie terreine wat hier ter sprake is, is almal op die platorand geleë, in 'n posisie wat oor die vallei en rivier uitkyk.

GPS: S 25° 47' 31.5"; O 28° 12' 48.2"
S 25° 47' 42.7"; O 28° 11' 49.4"
S 25° 47' 54.4"; O 28° 12' 12.7"
S 25° 47' 37.7"; O 28° 12' 24.1"

Bespreking:
Vanweë die ligging en aard van die terreine, kan dit moontlik as fabrieksterreine of werksareas geklassifiseer word, aangesien afvalmateriaal (skilfers en kerns) ook hier aangetref word. Al die terreine het hoofsaaklik Middel Steentydperk werktuie opgelewer, alhoewel daar by die laaste van die drie ook 'n aantal Laat Steentydperkwerktuie en ook stukkies rooi-oker (hematiet) aangetref - kyk figure 2 en 3.

Die laaste van die vier GPS posisies hierbo kom by 'n dagsoom voor waarin daar drie klein grotjies aangetref word. Afsettings kom in elkeen voor, maar die inhoud daarvan is nie ondersoek nie. Dit is moontlik dat mense hierdie skuilings kon benut het, 'n afleiding wat versterk word weens die feit dat daar heelwat klipwerktuie om die dagsoom aangetref word. Die afleiding sal egter slegs deur middel van argeologiese opgrawing bevestig kan word.

Evaluering:
Hierdie terreine is van die oudste, grootliks ongeskonde, bewoningsareas in die Pretoria-omgewing. Binne die raamwerk van die ontwikkeling van die natuurreservaat, is die opvoedkundige potensiaal daarvan baie groot.

Verwysings:
Thackeray, A., persoonlike mededelings.

## 4.2 YSTERTYDPERK

Op verskeie plekke in die ondersoekgebied is daar stukkies potskerwe opgetel. Dit is egter te klein en geïsoleerd om enigsins iets daaroor te kan sê en dit kon op enige tydstip en op enige wyse daar beland het. Slegs een vindplek is geïdentifiseer waar daar met sekerheid gesê kan word dat daar wel Ystertydperkbewoning plaasgevind het.

### 4.2.1 **Grot**

Omskrywing:
Die grot is van dolomietiese oorsprong. Dit is klaarblyklik nie baie diep nie. Aan die voorkant is daar 'n klein terras wat moontlik die resultaat van menslike aktiwiteite is en die kanse is beter dat bewoning meerendeels hier plaas-gevind het as in die grot self. Enkele verweerde potskerwe, asook skilfers van Steentydperk aktiwiteite word hier aangetref. Daar word egter geglo dat die meerderheid van die materiaal reeds in die verlede deur besoekers verwyder is.

Ligging:
Die grot is geleë in 'n dolomiet dagsoom, oos van die pad wat gelei het na die ou Fonteine Inryteater.

GPS: S 25° 47' 07.7"; O 28° 11' 55.6"

Bespreking:
Die bewoning van grotte word normaalweg met die Steentydperk geassosieer. Dit kon in alle waarskynlikheid wel deur Steentydperkmense benut gewees het, maar die gebrek aan voldoende Steentydperkwerktuie maak dit moeilik bepaalbaar.

Daar word egter ook gevind dat in tye van onsekerheid, Ystertydperkmense wel grotte as toevlugsoords gebruik het. Dit word bevestig deur die feit dat die potwerk wat wel hier gevind is, normaalweg met die Ystertydperk geassosieer word.

Datering van die bewoning van die grot sal slegs gedoen kan word na 'n intensiewe argeologiese ondersoek. Die paar pot-

skerwe wat gevind is, help egter om 'n datering vir hierdie latere fase van bewoning te gee, alhoewel dit nie 'n absolute datum is nie. Die potskerwe wat gevind is toon groot ooreenstemming met die sogenaamde Moloko-tradisie (wat tans ook die voormalige Uitkomst-kultuur insluit - Mason 1962). Moloko is 'n fase in die Ystertydperk wat aangedui word as die voorlopers van die huidige Tswana-sprekende mense. Dit dateer oor 'n periode van ongeveer 600 jaar, tot en met die middel van die 19de eeu.

Daar bestaan dus twee verklaringsmoontlikhede vir hierdie vindplek: Steentydperkmense het dit wel benut, soos wat blyk uit enkele skilfers wat gevind is; en tydens die Ystertydperk het mense in tye van onsekerheid daar skuiling gesoek.

Evaluering:
Hierdie is een van die min definitiewe voorhistoriese verblyfplekke in die ondersoekgebied. Die opvoedkundige- en toeristepotensiaal daarvan is dus groot. Maar sonder intensiewe argeologiese ondersoek van die terrein, kan geen verdere inligting gegee word nie.

Verwysings:
Mason 1962; Evers 1984:236.

4.3 HISTORIESE TYDPERK

4.3.1 **Begraafplaas te Du Preezhoek**

Omskrywing:
'n Baie klein stukkie grond wat met groenkleurige tralies omhein is. Dit is onseker waar die grafte spesifiek is en die grafstene is almal gebreek en onleesbaar.

Ligging:
Die begraafplaas is geleë aan die noordekant van die huidige spoorbrug, direk teenaan Maria van Riebeeckweg.
GPS: S 25° 45' 55.2"; O 28° 11' 36.6".

Bespreking:
Een van klaarblyklik twee begraafplase wat in hierdie omgewing was. Hierdie een bestaan uit die grafte van 'n aantal kinders van die Van der Walt-familie. Die ander begraafplaas was bekend as die Du Preezhoek-begraafplaas, maar die grafte is baie jare gelede reeds verskuif.

Evaluering:
Die begraafplaas is redelik geïsoleer en word op die oomblik deur geen ontwikkeling bedreig nie.

Verwysings:
Punt 1951:4-6; Coetzee 1993:13-15.

4.3.2 **NZASM-brug**
Omskrywing:
Die westelike landhoof van 'n klipbrug wat deel van 'n spoorlyn gevorm het.

Ligging:
Die brug is geleë net suid van die huidige spoorlyn en eindig teenaan Maria van Riebeeckweg.
GPS: S 25° 46' 00.2"; O 28° 11' 32.4".

Bespreking:
Die brug was in gebruik vanaf 1893 tot 1960 en het deel van die ou NZASM se spoorroete na Oos-Transvaal gevorm. In 1984 is die oostelike deel daarvan gesloop om plek te maak vir die verbreeding van die pad.
Evaluering:
Hierdie is een van die laaste lokale oorblyfsels van 'n kommunikasienetwerk wat 'n baie groot bydra tot die ontwikkeling van Pretoria as stad gemaak het. Gevolglik is die bewaring daarvan van uiterste belang.

Verwysings:
De Jong 1984:28-29.

4.3.3 **Stortingsterrein**

Omskrywing:
'n Konsentrasie bourommel van relatief resente ouderdom.

Ligging:
Die spesifieke terrein is geleë aan die oostekant van die ondersoekgebied, naby Jan Smutsrylaan.
GPS: S 25° 46' 56.2"; O 28° 11' 59.1"

Bespreking:
Hierdie is een van verskeie sodanige plekke in die Groenkloofnatuurreservaat. Van belang in hierdie spesifieke geval is 'n versameling gebreekte porseleinware wat hier aangetref is.

Evaluering:
Geen verdere inligting oor die herkoms en ouderdom van die rommelhoop kon gevind word nie. Die porselein is ontleed en die bevindinge, wat moontlik vir kultuurhistorici van waarde mag wees, word in Byvoegsel 9.1 gegee.

4.3.4 **Steengroef**

Omskrywing:
'n Steengroef waar daar vermoedelik skalie gemyn is. Dit is tans gedeeltelik met bourommel opgevul.

Ligging:
Die steengreof is geleë aan die noordelike helling van 'n heuwel, direk suid van die Fonteinesirkel.
GPS: S 25° 46' 47.4"; O 28° 11' 49.8"
Bespreking:
Die produk van hierdie steengroef is in alle waarskynlik-heid gebruik as steunmateriaal vir die bou van die paaie en ander terrasse in die natuurreservaat en vorm dus histories 'n deel van die ontwikkeling van die gebied.

Evaluering:
Soos enige ander reste van menslike aktiwiteite, is die bewaring van steengroewe ook van belang. Dit is jammer dat hierdie steengroef ten dele met bourommel opgevul is. Na ons oordeel sal die waarde daarvan verhoog word indien die rommel verwyder en die gebied gerehabiliteer word. Die voorstel is dat dit dan deel gemaak word van 'n opvoedkundige program, byvoorbeeld waar skoolgroepe die beginsels van menslike behoeftes, natuurbewaring en die rehabilitasie van die omgewing geleer kan word.

4.3.5 **Bronkhorsthuis**

Omskrywing:
Die fondasie van 'n ou woning, gebou van klip en klei. Dit is tans omhein en word ten dele vir besoekers geïnterpre-teer.
Ligging:
Die ruines is geleë aan die oostekant van die Apiesrivier, nie ver vanaf die swembad nie.
GPS: S 25° 47' 11.9"; O 28° 11' 49.1"

Bespreking:
Daar word, veral op grond van mondelinge oorleweringe, aanvaar dat hierdie die oorblyfsels is van die woning van Lucas Bronkhorst wat hom in c. 1840 hier kom vestig het. Die struktuur is reeds deur middel van argeologiese metodes ondersoek.

Evaluering:
Die inkorporering van hierdie oorblyfsels by die interpre-tasie van die hele Groenkloofnatuurreservaat, is vanweë die historiese aard daarvan, van groot belang.

Verwysings:
Wilmans 1990; Van Schalkwyk, Van Vollenhoven & Naude 1992.

4.3.6 **Damwal**

Omskrywing:
'n Keerwal gebou van gedresseerde klip, met 'n sluis van metaal.

Ligging:
Die damwal is in die stroombedding van die Apiesrivier, net suidoos van die swembad geleë.
GPS: S 25° 47' 14.2"; O 28° 11' 50.6"

Bepsreking:
Dit wal het deel van die ou watervoorsieningsisteem

uitgemaak en water is hiervandaan deur middel van 'n kanaal en later 'n pypleiding, na die stad geneem. Hierdie is 'n baie goeie voorbeeld van industriële argitektuur uit die vorige eeu en is blykbaar reeds in die 1890's opgerig - kyk die kaart in figuur 5.

Evaluering:
As deel van die ou watervoorsieningsisteem is dit van kardinale belang dat hierdie struktuur gerestoureer en bewaar word.

Verwysings:
Engelbrecht **et al** 1952:26

4.3.7 **Pompstasie**

Omskrywing:
'n Reghoekige, hoë baksteen gebou.

Ligging:
Die pompstasie is geleë direk wes van die waterbron.
GPS: S 25° 47' 06.2"; O 28° 11' 39.9"
Bespreking:
Die pompstasie het deel van die watervoorsieningsisteem gevorm. 'n Gedeelte van die gebou is reeds afgebreek.

Evaluering:
Hierdie is 'n besondere voorbeeld van industriële argitek-tuur en alles moet gedoen word om dit te bewaar. Daar word aan die hand gedoen dat indien enigsins moontlik, die gebou gerestoureer moet word en ingerig word as interpretasie-sentrum vir die natuurreservaat.

4.3.8 **Watervoor**

Omskrywing:
Die gedeelte van die watervoor wat nog voorkom bestaan ten dele uit twee parallelle vore, maar in die noorde van die ondersoekgebied vernou dit na 'n enkele voor. Hierdie laaste gedeelte van die voor is met klip en sement uitgevoer, kyk figuur 7 en 8.

Ligging:
Vir die dele wat hierdie voor nog aangetref word, volg dit die lyn van die huidige spoorlyn.
GPS: S 25° 45' 50.1"; O 28° 11' 24.2" (verteenwoordig slegs een punt in die noordelike gedeelte van die ondersoekgebied)

Bespreking:
Hierdie vore het deel van die ou watervoorsieningsisteem gevorm. Dit is later deur middel van 'n pypleiding vervang. Kyk figuur 5.

Evaluering:

In die lig van die feit dat die fonteine die rede was vir die stigting van Pretoria alhier en dat die stad steeds nog 'n deel van sy water hier verkry, moet hierdie voor as baie belangrik beskou word. Dele daarvan is reeds deur die bou van die spoorlyn vernietig.

Verwysings:
Pretorius 1972:15-18

4.3.9 **Keerwal**

Omskrywing:
'n Lae keerwal gebou van sement en gedresseerde klip. Aan die oostewal is daar 'n afvoerpyp.

Ligging:
Die keerwal kom in die stroombedding voor, nie ver van die punt waar die rivier uit die ondersoekgebied uitvloei.
GPS: S 25° 46' 23.9"; O 28° 11' 06.6"

Bespreking:
Hierdie struktuur het moontlik te make met die watervoor-sieningsisteem aan Pretoria.

Evaluering:
In die lig van die belangrikheid van die sisteem van watervoorsiening aan die Stad, moet die funksie van hierdie struktuur verder ondersoek word.

4.3.10 **Skanse**

Omskrywing:
'n Reeks van vyf strukture. Elk bestaan uit 'n gat wat in die grond gegrawe is. Die materiaal wat uitgegrawe is, is aan die hellingafkant gepak om 'n muur voor die uitgrawing te vorm.

Ligging:
Hierdie strukture kom in 'n lyn al op die platorand voor en is gegroepeer met een suid, drie saam in die middel en die laaste noord daarvan aan die ander kant van 'n kein vallei.
GPS: S 25° 48' 05.7"; O 28° 12' 03.4" (suid)
S 25° 47' 49.5"; O 28° 11' 58.8" (sentrale groep)
S 25° 47' 51.0"; O 28° 12' 03.1" (noord)

Bespreking:
Daar kon geen inligting oor hierdie verskynsels in die literatuur opgespoor word nie. Vanweë die voorkoms en ligging daarvan word daar vermoed dat dit moontlik skanse was wat deur die Britte tydens die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) ingerig is en dat dit 'n verdedigingsfunksie gehad het, moontlik te make met die beskerming van die treinspoor. Die kanse is goed dat dit nooit gebruik was nie, aangesien geen kulturele materiaal daar gevind word nie en dit ook nie in die literatuur opgeneem is nie.

Evaluering:

Vir historici en die publiek in die algemeen kan hierdie skanse 'n interessante besoekpunt wees. Dit dra ook by tot

die interpretasie van die groter Pretoria-gebied en sy militêre geskiedenis.

4.3.11 **Klipmuur**

Omskrywing:
'n Lae muur, gepak van klip en ongeveer 10 meter lank. Aan die noordekant eindig dit in 'n klein sirkelvormige struktuur.

Ligging:
Die klipmuur is geleë op die platorand, 'n hele ent noord van die skanse wat hierbo bespreek is.
GPS: S 25° 47' 33.7"; O 28° 11' 56.8"

Bespreking:
Vanweë die ligging daarvan kan dit moontlik nog deel vorm van die skanse wat in 4.3.10 hierbo bespreek is.

Evaluering:
Die aard van hierdie struktuur sal moontlik eers vasgestel kan word sodra daar duidelikheid verkry word oor die "skanse".

4.4 ONBEKEND

Hierdie is alles verskynsels waarvan die aard en konteks nie duidelik is nie. Daar is geen artefakte gevind wat daarmee geassosieer kan word en tot die identifisering daarvan kan bydra nie. Daar word egter gevoel dat dit tog belangrik is dat hierdie verskynsels gedokumenteer word, aangesien daar later dalk met verdere navorsing verklarings daarvoor gekry kan word.

4.4.1 **Klipsirkel**

Omskrywing:
'n Lae sirkel van klip, ongeveer 2 meter in deursnee. Dit is tans grootliks deur bosse toegegroei.

Ligging:
Die klipsirkel is geleë baie naby aan die deurgrawing vir die pad aan die westekant by die Fonteinesirkel. GPS: S 25° 46' 29.9"; O 28° 11' 11.9"

Bespreking:
Die herkoms van hierdie struktuur is onseker. Geen kulturele materiaal, wat gebruik kan word om dit in konteks te plaas, word aangetref nie.

Evaluering:
Op hierdie stadium kan daar niks verder oor hierdie struktuur gesê word nie.

4.4.2 **Klipmuur**

Omskrywing:
'n Swak gedefinieerde klipmuur, ongeveer 10 meter lank. 'n Hoeveelheid bourommel van relatief resente ouderdom kom in die onmiddelike omgewing voor.

Ligging:
Die klipmuur kom 'n klein entjie noordoos van die struktuur wat in 4.4.1 beskryf is, maar geen onderlinge verband kan aangedui word nie.
GPS: S 25° 46' 12.2"; O 28° 11' 38.4"

Bespreking:
Eweneens is die herkoms van hierdie struktuur is onseker. Geen kulturele materiaal, wat gebruik kan word om dit in konteks te plaas, word aangetref nie.

Evaluering:
Tans kan daar geen verdere uitspraak oor hierdie struktuur gegee word nie.

4.4.3 **Klipmuur**

Omskrywing:
'n Kort, klein stukkie muur gebou van klein klippies.

Ligging:
Die muurtjie kom voor in 'n oop kol aan die suidelike helling van 'n koppie wat naby die Jan Smutsrylaan, suid van die Fonteinesirkel geleë is.
GPS: S 25° 46' 55.5"; O 28° 11' 55.3"

Bespreking:
Op die oog af lyk dit of dit kinders was wat hier gespeel en die muur gebou het. Daar kom wel op verskeie plekke in die onmiddelike omgewing hope rommel voor, maar geen verband tussen hierdie verskynsels kan bevestig word nie.

Evaluering:
Tans kan geen verdere inligting oor hierdie struktuur gegee word nie.

### 4.4.4 **Put**

Omskrywing:
'n Gat, ongeveer 1,5 meter in deursnee en 0,5 meter diep. Fyn sand kom in die bodem voor.

Ligging:
Kom aan die oostekant van 'n heuwel, naby aan Jan Smutsrylaan, voor.
GPS: S 25° 46' 50.1"; O 28° 11' 56.2"

Bespreking:
Of hierdie werklik 'n put was, is nie seker nie aangesien dit nie logies lyk dat water hier sou voorkom nie. Dit blyk egter om mensgemaak te wees en gevolglik word dit in die verslag opgeneem.

Evaluering:
Tans kan geen verdere inligting oor hierdie verskynsel gegee word nie.

### 4.4.5 **Klipkraal**

Omskrywing:

'n Lae sirkel van klip, ongeveer 3 x 1,5 meter.

Ligging:
Geleë op 'n dagsoom, baie naby aan die rivier.
GPS: S 25° 47' 23.2"; O 28° 12' 21.7"

Bespreking:
Strukture van hierdie aard word gewoonlik met veehokke geassosieer. Daar is egter geen ander strukture in die onmiddelike omgewing nie en kan die konteks daarvan nie bevestig word nie. In baie gevalle is sodanige strukture ook opgerig in poorte of deurgange, as skuiling vir krygers.

Evaluering:
Geen definitiewe verduideliking kan vir die oorsprong van hierdie struktuur gegee word nie.

5. **SAMEVATTING**

Uit die ondersoek wat gedoen is, blyk dit duidelik dat die mens ten minste sedert Middel Steentydperktye, d.w.s. c. 150 000 tot 30 000 voor die huidige, hier aktief was (kyk figuur 13.1). Dit is die tydperk wat verband hou met die ontwikkeling van die anatomies moderne mens. Uit 'n ontleding van die werktuie wat gevind is, kan gesê word dat in die Fonteinedal spesifiek, die periode 120 000 tot 50 000 jaar goed verteenwoordig word.

Hierdie vroeë bewoners is gevolg deur die mense van die Laat Steentydperk, tussen c. 40 000 - 20 000 tot 2 000 jaar gelede, alhoewel dit die periode ongeveer 8 000 jaar gelede is wat beter verteenwoordig is. Werktuie uit hierdie tydperk is egter nie so volop as in die vorige fase nie, maar is steeds genoeg om 'n aanduiding te gee dat daar wel benutting van die gebied was.

Die sogenaamde Ystertydperk volg hierna (figuur 13.2). Dit wil blyk of die Vroeë Ystertydperk (c. 1800 tot 1 000 jaar gelede) nie hier aangetref word nie. Daar word wel tekens van Laat Ystertydperkbewoning aangetref. Die potwerk dui daarop dat dit moontlik die voorlopers van die Tswana-sprekende mense kon gewees het. Hierdie mense is weer op hulle beurt moontlik verdryf deur die binnekoms in die groter Pretoria gebied in van die Ndebele (bekend as die Suid-Ndebele) en later die Ndebele van Mzilikazi.

Die volgende groep bewoners van die gebied wat die blanke pioniers, onder andere Lucas Bronkhorst, wat ongeveer 150 jaar gelede hier kom vestig het (figuur 13.3).

## 6. **AANBEVELINGS**

Daar is genoeg getuienis om te kan aanvoer dat die mens vir meer as 120 000 jaar hier om die fonteine, wat later 'n belangrike rol sou speel in die stigting van Pretoria, gewoon het. Die toepaslike oordra van hierdie inligting in 'n opvoedkundige sentrum kan baie daartoe bydra om die publiek bewus te maak van die belangrikheid van die omgewingsbewaring, skoon water en so meer.

Na ons oordeel kan die ou pomphuis as interpretasiesentrum vir besoekers ingerig word. Dit sal beteken dat daar nie 'n nuwe gebou opgerig hoef te word nie en die huidige gebou se voortbestaan word dan ook hierdeur verseker.

Vanuit hierdie interpretasiesentrum kan daar dan opvoedkundige toere (ekologies, kultureel) aangebied word en punte soos die grot, waterwerke, steengroef en ander kan besoek word. Hierdeur kan 'n boodskap in verband met die belangrikheid van die mens en sy verhouding tot die natuurlike omgewing, aan besoekers oorgedra word.

## 7. **BRONNE**

### 7.1 Gepubliseerde bronne


Cloete, J.J.N. 1958. Die Fonteine van Pretoria. **Pretoriana** 28:3-8.

Coetzee, N.A. 1993. Die Du Preezhoek begraafplaas. **Pretoriana** 102:13-15.

De Jong, C. 1984. Herninneringe aan die NZASM in en om Pretoria (1). **Pretoriana** 86:28-29.

Engelbrecht, S.P., Agar-Hamilton, J.A.I., Pelzer, A.N. & Behrens, H.P.H. (reds.) 1952. **Centenary Album. Pretoria's First Century in Illustration**. Pretoria: J.L. van Schaik.

Engelbrecht, S.P., Agar-Hamilton, J.A.I., Pelzer, A.N. & Behrens, H.P.H. (reds.) 1955. **Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die Stad Pretoria**. Pretoria: Stadsraad van Pretoria.

Evers, T.M. 1984. Sotho-Tswana and Moloko settlement patterns and the Bantu cattle pattern. In Hall, M., Avery, G., Avery, D.M., Wilson,

M.L. & Humphreys, A.J.B. (eds.). Frontiers: Southern African Archaeology Today, pp. 236-237.

Godden, G.A. 1968. **Encyclopaedia of Brittish Pottery and Porcelain Marks**. London: Herbert Jenkins.

Hall, M., Avery, G., Avery, D.M., Wilson, M.L. & Humphreys, A.J.B. (eds.) 1984. Frontiers: Southern African Archaeology Today. **BAR International Series** 207.

Holm, S.E. 1966. **Bibliography of South African Pre- and Protohistoric archaeology**. Pretoria: J L van Schaik.

Mason, R. 1962. **Prehistory of the Transvaal**. Johannesburg: Witwatersrand University Press.

Preller, G.S. 1938. **Ou-Pretoria**. Pretoria: Afrikaanse Kultuurraad.

Pretorius, F. 1972. Twee fesette van watervoorsiening gedurende die Tweede Vryheidsoorlog. **Pretoriana** 69/70:15-18.

Punt, W. 1951. Enige besonderhede in verband met Du Preezhoek. **Pretoriana** 1(1):4-6.

Punt, W. 1958. Inspeksierapport van Pretoriase plase - Augustus 1841. **Pretoriana** 26/27:58-59.

Roodt-Coetzee, K. 1955. Die Republiekeinse Pretoria: kultureel en sosiaal. In Engelbrecht, S.P., Agar-Hamilton, J.A.I., Pelzer, A.N. & Behrens, H.P.H. (reds.) **Pretoria (1855-1955): geskiedenis van die Stad Pretoria**. Pp. 126-147.

Van Riet Lowe, C. g.d. **The distribution of Prehistoric rock engravings and paintings in South Africa**. Archaeological Survey, Archaeological Seri

es No. 7.
Van Warmelo, N.J. 1977. **Anthropology of Southern Africa in Periodicals to 1950**. Pretoria: Government Printer.
Wilmans, J. 1990. L.C. Bronkhorst: Pionier van die Pretoria omgewing. **Tydskrif vir Volkskunde en Volkstaal** 46(2-3):5-13.

7.2 Ongepubliseerde bronne

Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria: Kaarteversameling - Sketch plan of Pretoria, 1879: TAB No. 3/209.
Pretoria Water, 1900: TAB No. 3/1199.
Van Schalkwyk, J.A., Van Vollenhoven, A.C. & Naude, M. 1992. **'n Argeologiese ondersoek van die bouvalle bekend as die Lukas Bronkhorsthuis in die Fonteinedal, Pretoria**. Pretoria: Nasionale Kultuurhistoriese Museum.

7.3 Persoonlike mededelings

Mej. C. Hogewind. Vakkundige, Nasionale Kultuurhistoriese Museum.
Dr. A. Thackeray, D.Phil (Universiteit van Yale), Steentydperk spesialis en kontraknavorser vir die Nasionale Kulturhistoriese Museum.

7.4 Kaarte

1:50 000 Geologiese Reeks: 2528CC Lyttleton, 1973. Pretoria: Staatsdrukker.
1:50 000 Topokadastrale Reeks: 2528CC Verwoerdburg, 1975. Pretoria: Staatsdrukker.

8. ERKENNING

Die sketse van die werktuie en potskerwe is deur Mev. P.A. van Zyl van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, gedoen.
Mej. C. Hogewind van die Nasionale Kultuurhistoriese Museum het die keramiekware ontleed.

9. **BYVOEGSELS**

9.1 ONTLEDING VAN DIE KERAMIEKWARE
C. Hogewind

Die keramiekware wat op die stortingsterrein (sien 4.3.3 bo) in die Fonteinedal gevind is, sluit porselein, aardewerk en steenware in. Hierdie voorwerpe is, met die uitsondering van een aardewerkskerf, fabrieksvervaardig en oorwegend Engels in oorsprong en dateer tussen 1850 en die 1960's. Binne hierdie oorsigtelike tydperk kan sekere tendense van die Victoriaanse, Edwardiaanse en Art Deco-style aangetoon word.

9.1.1 **Identifikasie van skerwe**

'n Belangrike hulpbron vir die identifikasie van die vervaardigingsdatum en maker van keramiekskerwe, is die makersmerk. Slegs twee porseleinskerwe met makersmerke is gevind.

Waar daar geen makersmerk op die skerf voorkom nie, gee die vorm en vervaardigingsmetode, asook die kleur en styl van die versieringsmotief 'n aanduiding van die periode waartoe dit behoort. Alhoewel kleur 'n rol in die identifisering van keramiek speel, het die blootstelling van die voorwerpe aan vuur, asook atmosferiese toestande van die ashoop, 'n invloed op die glasuur en kleur van die skerwe gehad. So byvoorbeeld toon verskillende stukke van 'n wilgerpatroon-teestel 'n verskeidenheid skakerings van blou en glasuurvoorkoms en dien dit as duidelike tekens van hierdie disintegrasieproses. Die ooreenkoms in vorm, versiering en basisring dui egter daarop dat hierdie skerwe alles aan dieselfde stel behoort het.

Die datering van keramiekware sonder makersmerke word ook bemoeilik deurdat die motiewe in baie gevalle herhaaldelik gebruik word. Een voorbeeld is die bekende 'wilgerpatroon'. Die konvensionele wilgerboom, tempels, brûe en bote is aan Sjinese tonele ontleen en is vanaf die vroeë 19de eeu deur Engelse pottebakkers oorgeneem. Dit word tot vandag toe nog op keramiek gebruik.

Die versameling keramiekware het die volgende duidelik onderskeibare tipes opgelewer:

- Skerf van porseleinbord met 'n gedrukte makersmerk: **Burleigh Ware, Burgess & Leigh (LTD), Burslum England**. Hierdie makersmerk is volgens Godden (1968:117) tussen 1906 en 1912 gebruik. Die gebruik van "Limited" in afkortingsvorm na die pottebakkery, dui op 'n datum na 1860. Dit was egter nie algemeen in gebruik voor 1880 nie. Die term "England" was vanaf 1891 by die merk gevoeg, terwyl "Made in England" 'n twintigste eeuse

datum aandui.

-Die lipgedeelte van porseleinsopkom of -opskepbak. Dit het 'n wit agtergrond, met rooi onderglasuurversiering volgens die oordrag-afdruktegniek. Dit is fabrieksver-vervaardig, waarskynlik Engels in oorsprong en dateer c. 1850's. Kyk figuur 14.1.

- Skerwe van porseleinteekoppies en -pierings met die sogenaamde 'wilgerpatroon' in blou onderglasuur-versiering volgens die oordrag-afdruktegniek. Dit is ook fabrieksvervaardig in Engeland en kan tot die Laat-Victoriaanse tydperk, c. 1880, gedateer word. Kyk figuur 14.2

- Skerf van vuurherdteël (steenware), met onderglasuur-reliëfversiering in wit, groen, blou en ligpers. Dit is fabrieksvervaardig en dateer Laat Victoriaans, c. 1890-1900. Kyk figuur 14.3

- Skerwe van porseleinteekoppies. Dit het 'n wit agtergrond met blou onderglasuur-randversiering. Hierdie is ook fabrieksvervaardig en dateer uit die Edwardiaanse periode, c. 1906-1910. Kyk figuur 14.4.

- Skerwe van porseleinkoppies met wit agtergrond en goud, oranje, en ligblou handgeverfde boglasuurver-siering. Dit is fabrieksvervaardig, c. 1915-1920. Kyk figuur 14.5.

- Skerwe van porseleinpierings. Die agtergrond is wit met 'n meander-en blokkies-randmotief in boglasuur-versiering volgens die oordrag-afdruktegniek. Dit is fabrieksvervaardig en dateer c. 1915-1920. Kyk figuur 14.6.

- Dele van 'n porseleinbak. Die reguitlynige lipgedeelte dui op die invloed van die 'Art Deco'-styl. Op grond van die vorm word hierdie stuk op ongeveer 1930 en later gedateer.

- Skerwe van porseleinkoppies. Dit het 'n naaswit agtergrond met 'n blomtak- en voëlmotief in

swart, oranje en groen, in onderglaasversiering volgens die oordrag-afdruktegniek. Dit is fabrieksvervaardig en dateer c. 1930's. Kyk figuur 14.7.

- Skerwe van porseleinkoppies en -pierings. Dit het 'n wit agtergrond met goudkleurige boglasuurlynversiering en 'n gedrukte makersmerk: **Made in occupied Japan**. Laasgenoemde dui daarop dat hierdie stel na die besettingsjaar 1945 vervaardig is. Kyk figuur 14.8.

Die volledigheid van sekere van die stelle in die versameling, dui daarop dat hierdie moontlik die keramiekware van een huishouding verteenwoordig. Die insluiting van enkele ouer stukke wat nie as teestelle gefunksioneer het nie, verstrek hierdie vermoede.

Mnr K. Rust
Dept. Stedelike Beplanning
Stadsraad van Pretoria
Posbus 3242
PRETORIA
0001

Geagte mnr. Rust

**VERSLAG: ARGEOLGIESE OPNAME VAN DIE FONTEINEDALGEBIED**

Dit is met genoeë dat ons hiermee die verslag van die argeologiese ondersoek van die Fonteinedalgebied aan u voorlê. Indien u enige onduidelikheid oor die inhoud daarvan het, kontak my gerus by die Museum.

Soos telefonies aan u verduidelik, het dit onder my aandag gekom dat 'n privaatversamelaar in die vroeë 1970's 'n hoeveelheid materiaal uit die ondersoekgebied verwyder het. Na wat ek by hom kan uitvind, sal hierdie materiaal nie 'n invloed op my interpretasie hê nie, anders as om dit kwantitatief te bevestig. Ek is tans besig om met hierdie persoon te onderhandel om die materiaal en inligting te bekom en sal dit dan by die versameling wat ek opgebou het, voeg.

In terme van die vereiste van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, is 'n kopie van die verslag ook aan hierdie Raad voorgelê.

Ingeslote vind u ook 'n faktuur vir die bedrag deur die Stadsraad verskuldig aan die Museum vir die doen van hierdie ondersoek.

Met dank

die uwe

DIREKTEUR

9/2/258/5 11.5 20/04/1993

Die Direkteur
Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede
Posbus 4637
KAAPSTAD
8000

Geagte heer

**VERSLAG OOR DIE DOEN VAN 'N ARGEOLOGIESE OPNAME**

Hiermee saam, in terme van die vereistes gestel in die permit wat aan my uitgereik is, 'n verslag oor 'n opname wat gedoen is van argeologiese en historiese vindplekke en verskynsels in die Fonteinedalgebied, Pretoria.

Met dank

Die uwe

**J.A. VAN SCHALKWYK**

FIGUUR 13.1 **STEENTYDPERK VINDPLEKKE EN VERSKYNSELS**

FIGUUR 13.2 **YSTERTYDPERK VINDPLEKKE EN VERSKYNSELS**

FIGUUR 13.3 **HISTORIESE VINDPLEKKE EN VERSKYNSELS**

FIGUUR 13.4 **ONBEKENDE VINDPLEKKE EN VERSKYNSELS**

23 24 25 26